# ENDOSSEMENT C2201 eff 2022-03

Die onderstaande aanpassings, wat op 1 Maart 2022 in werking tree, is in die **Safire Kommersiële** polis ingesluit.

| **Afdeling: Algemeen** | **Wysiging** |
|---|---|
| **4. ALGEMENE BEPALINGS, VOORWAARDES & VEREISTES** | |
| 4.6 Eise | ***Klousule D) is met die volgende vervang ten einde die beskikbare tydraamwerke in geval van 'n eisedispuut, aan polishouers uit te klaar:*** |

***D) Jou regte in geval van afwysing van eise of in geval jy die eisebedrag bevraagteken:***

*a) In die geval dat ons 'n eis afwys en jou daarvan in kennis stel, of jy die bedrag van 'n eis betwis, mag jy, binne **90 (negentig) dae** vanaf die datum van afwysing of die datum wanneer jy skriftelik in kennis gestel is van die eisbedrag, appèl teen die besluit aanteken deur skriftelike vertoë aan ons te rig by **complaints@safireinsurance.com** **("Interne Appèl")**. Ons sal jou binne **45 (vyf-en-veertig)** dae ná ontvangs van jou appèl, skriftelik van ons verdere besluit in kennis stel.*

*b) Indien jy nie tevrede is met die uitkoms van jou Interne Appèl aan ons nie, mag jy binne **180 (eenhonderd-en-tagtig) dae** na die datum van die skriftelike kennisgewing aan jou, jou klagte na die **Ombudsman vir Korttermynverskering (OSTI)** eskaleer.*

*c) Indien jy nòg 'n Interne Appèl nòg 'n klagte by die OSTI aanhangig gemaak het, moet jy enige regsaksie binne **180 (eenhonderd-en-tagtig) dae** vanaf die datum van afwysing of die datum wanneer jy skriftelik in kennis gestel is van die eisbedrag, instel.*

*d) Indien jy wel 'n Interne Appèl of 'n klagte by die OSTI aanhangig gemaak het, soos die geval mag wees, en jou nie met die uitkoms van enige van hierdie prosesse tevrede is nie, en jy van voorneme is om die saak in die Howe verder te voer, **moet** jy aan die volgende voldoen:*

1. *Indien jy 'n Interne Appèl aangeteken het, maar nie 'n klagte by die OSTI aanhangig gemaak het nie, moet jy enige regsaksie binne **180 (eenhonderd-en-tagtig) dae** vanaf die datum van afwysing of die datum wanneer jy skriftelik in kennis gestel is van die eisbedrag, instel.*
2. *Indien jy 'n Interne Appèl aangeteken het, en ook 'n klagte by die OSTI aanhangig gemaak het, moet jy enige regsaksie binne **180 (eenhonderd-en-tagtig) dae** vanaf die laaste van:*
   - *die datum waarop ons jou skriftelik van die uitkoms van die Interne Appèl in kennis gestel het; of*
   - *die datum waarop die OSTI jou skriftelik van die uitkoms van jou klagte in kennis gestel het;*

   *instel.*

*e) Indien jy nie enige formele regsaksie teen ons binne die periodes soos uiteengesit in paragrawe c) en d) hierbo, instel nie, sal jy nie daarna instaat wees om sodanige regsaksie wat spruit uit of verband hou met sodanige dispuut, weens verjaring, teen ons in te stel nie en sal jou regte in hierdie verband in terme van die polis outomaties verbeur word.*


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## 5. ALGEMENE UITSLUITINGS

| | |
|---|---|
| 5.3 Rekenaartoerusting<br>**en**<br>5.7 Kubermisdaad | ***Die onlangse gepromulgeerde wetgewing rakende kubermisdaad het aanleiding gegee tot 'n opdatering in ons bewoording insoverre dit hierdie aspek betref.***<br>***Uitsluitings 5.3 en 5.7 is nou gekombineer in 'n enkele klousule wat soos volg lees:***<br><br>***5.6 Kuber, data en rekenaartoerusting***<br><br>*A) Ons sal jou nie vergoed vir enige verlies, skade, regsaanspreeklikheid, eis, boete, straf, koste of uitgawe van watter aard ookal wat direk of indirek voortspruit uit, of verband hou met, of bydra tot, of veroorsaak word deur enige:*<br>*a) kubermisdaad, insluitend kuberbedrog, kubervervalsing, kuberafpersing en kuberdiefstal van onstoflike eiendom;*<br>*b) kwaadwillige data boodskappe of sagteware, insluitend virusse, wurms, trojaanse perd, tyd-of logiese bom, losprys-ware en 'malware', of ander soortgelyke korrupte, vernietigende of skadelike media, program, bron, kode of instruksie;*<br>*c) ongemagtigde en opsetlike toegang tot of gebruik van data van enige rekenaarprogram, rekenaar datastoringsmedium, rekenaarsisteem of elektroniese toestel;*<br>*d) ongemagtigde en opsetlike verkryging van data;*<br>*e) ongemagtigde onderskepping van of inmenging met data, of enige rekenaar program, rekenaar datastoringsmedium, rekenaarsisteem of elektroniese toestel.*<br><br>*B) Ons sal jou verder nie vergoed vir enige verlies, skade, regsaanspreeklikheid, eis, boete, straf, koste of uitgawe van watter aard ookal wat direk of indirek voortspruit uit, of verband hou met, of bydra tot of veroorsaak word deur die onvermoë of mislukking van enige rekenaar program, rekenaar datastoringsmedium, rekenaarsisteem of elektroniese toestel:*<br>*a) om enige datum as die korrekte datum of ware kalenderdatum te hanteer of om korrek of toepaslik enige data of inligting te herken, manipuleer, interpreteer, verwerk, stoor, ontvang of te reageer daarop; of om enige opdrag of instruksie uit te voer; met betrekking tot en in verband met sodanige datum; of*<br>*b) om enige inligting of kode vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk as gevolg van die uitvoer van enige opdrag wat geprogrammeer is in enige rekenaar datastoringsmedium, rekenaarsisteem of elektroniese toestel, waar die opdrag die verlies van data of die onvermoë om sodanige data vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk met betrekking tot of in verband met sodanige data, veroorsaak; of*<br>*c) om enige inligting / kode vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk as gevolg van programfoute, verkeerde inskrywing of opsetlike kansellasie of korrupsie van data en / of programme; of*<br>*d) om enige data vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk as gevolg van gebeure gelys in A hierbo.* |


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## Afdeling D01: Huiseienaars — Wysiging

### D1.5 HUISEIENAARS UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| D1.5.15 Insakking en grondverskuiwing – beperkte dekking | ***Die bewoording is gewysig om dit duidelik te maak dat die bepertke dekking uitbreiding nie uitgrawings van enige aard dek nie (insluitend uitgrawings in die loop van mynbou-bedrywighede). Dekking vir skade veroorsaak deur ondergrondse mynbou is beskikbaar onder die volle dekking opsionele uitbreiding.***<br><br>***Die uitbreiding lees nou soos volg:***<br>*A) Ons dek vernietiging van of skade aan die gebou(e) veroorsaak deur insakking en grondverskuiwing as gevolg van die verspoeling van die grond wat die geboue ondersteun deur vloeiende oppervlakwater as 'n direkte gevolg van storm, vloed, hael of sneeu.*<br>*B) Ons sal nie vir die volgende aanspreeklik wees nie:*<br>*a) vernietiging van of skade aan soliede vloerpanele of enige ander deel van die gebou(e) as gevolg van die beweging van sulke panele, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou(e) ondersteun gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;*<br>*b) vernietiging van of skade aan swembaddens, tennisbane, sauna en spa-kamers / baddens, hekke, hekpale, grensmure, omheinings, keermure, tuinmure, opritte, paadjies, patios, terrasse, septiese- of opgaartenks, riole en waterlope, tensy die gebou(e) gesamentlik en op dieselfde wyse beskadig word;*<br>*c) werk benodig om verdere verlies of skade as gevolg van insakking, opheffing of grondverskuiwing te verhoed, behalwe waar toepaslike ontwerpvoorsorg-maatreëls tydens die oorspronklike oprigting van die gebou(e), en enige daaropvolgende aanbouings, ingestel is;*<br>*d) daaropvolgende verlies van enige aard, behalwe Verlies van Huurgeld indien spesifiek onder hierdie afdeling verseker;*<br>*e) verlies of skade deur die volgende veroorsaak of spruit uit:*<br>*1. die verwydering of verswakking van die strukture of fondasies of stut wat die gebou(e) op die versekerde perseel ondersteun;*<br>*2. werksmense wat besig is met toevoegings, verbouings of herstel van die gebou(e)op die versekerde perseel;*<br>*3. uitgrawings (bogronds of ondergronds);*<br>*4. invul kompaksie;*<br>*5. normale vassakking, inkrimping of uitsetting van die gebou(e).*<br>*C) In enige hofaksie of ander verrigtinge waar ons aanvoer dat, ingevolge die voorsienings onder hierdie uitsluitings, enige skade nie deur die versekering gedek is nie, sal die onus op jou rus om die teendeel te bewys.* |

### D1.7 HUISEIENAARS VOORWAARDES

| | |
|---|---|
| D1.7.5 Verbandhouer | ***Hierdie voorwaarde is soos volg gewysig: (alle wysigings in vet druk)***<br><br>*A) Die belange van 'n verbandhouer (nl. bank of finansiële instelling) betreffende die geboue en Verlies aan Huur sal nie ongeldig gemaak word deur:*<br>*a) enige optrede of versuim deur die verbandgewer of eienaar van die versekerde eiendom nie;*<br>*b) enige wanvoorstelling of nie-bekendmaking deur die verbandgewer of eienaar van die versekerde eiendom nie;*<br>*c) die vervreemding van eiendom, soos gedefinieer in die betrokke Vervreemdings Wetgewing nie;*<br>*d) d) die besetting van die eiendom vir doelwitte wat gevaarliker is as wat deur die polis toegelaat word nie;*<br>*op voorwaarde dat die bogenoemde sonder die medewete van die verbandhouer plaasgevind het.*<br>B) ***Die verbandhouer*** *moet ons in kennis stel sodra hy/sy bewus word van die bestaan van enige optrede, versuim, wanvoorstelling, nie-bekendmaking, vervreemding of besetting, en* ***sal verantwoordelik wees vir enige addisionele premie wat voortspruit uit ons aanvaarding van enige verhoogde risiko.*** |


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| D1.7.7 Sekuriteit | ***Hierdie voorwaarde is soos volg gewysig: (alle wysigings in vet druk)*** |

*A) Alarm waarborg (indien in die skedule genoteer)*

*a) Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal ons slegs diefstal, of poging tot diefstal dek, indien:*

*1. die alarmstelsel in **alle geboue op die perseel** geïnstalleer is**, insluitend buitegeboue** en in volle werkende toestand is;*

*2. **die alarm aan 'n maatskappy gekoppel is wat gewapende reaksie verskaf;***

*3. die alarmstelsel aangeskakel is wanneer die geboue onbewaak gelaat word; en*

*4. die alarmstelsel in werkende toestand gehou word. Indien die alarmstelsel onderhou word volgens 'n kontrak met die verskaffers of onderhoudskontrakteurs, sal jy as ontslaan van jou aanspreeklikheid beskou word.*

*b) Ons sal jou ook vergoed indien die sleutel / kode van die alarmstelsel verkry is deur aanranding, geweld of dreigement van geweld aan jou of enige ander sleutel / kodehouer.*

*c) **Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, en 'n alarmstelsel nie in 'n buitegebou geïnstalleer is nie, sal verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal beperk wees tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.***

*B) Diefwering waarborg (indien in die skedule genoteer)*
*Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal uitgesluit wees, as toegang tot die gebou(e), **insluitend buitegeboue**, deur 'n oopmaakbare venster verkry is wat nie deur diefwering beskerm is nie. Hierdie klousule is slegs van toepassing indien die gebou(e) ten tyde van die verlies of skade onbewoon was.*

*C) Veiligheidshek waarborg (indien in die skedule genoteer)*
*Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal uitgesluit wees, as toegang tot die gebou(e), **insluitend buitegeboue**, deur 'n buitedeur verkry is wat nie deur 'n geslote veiligheidshek beskerm is nie. Hierdie klousule is slegs van toepassing indien die gebou(e) ten tyde van die verlies of skade onbewoon was.*

## Afdeling D02: Huisbewoners — Wysiging

### D2.7 HUISBEWONERS VOORWAARDES

| | |
|---|---|
| D2.7.8 Sekuriteit | ***Hierdie voorwaarde is soos volg gewysig: (alle wysigings in vet druk)*** |

*A) Alarm waarborg (indien in die skedule genoteer)*

*a) Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal ons slegs diefstal, of poging tot diefstal dek, indien:*

*1. die alarmstelsel in **alle geboue op die perseel** geïnstalleer is**, insluitend buitegeboue,** en in volle werkende toestand is;*

*2. **die alarm aan 'n maatskappy gekoppel is wat gewapende reaksie verskaf;***

*3. die alarmstelsel aangeskakel is wanneer die geboue onbewaak gelaat word; en*

*4. die alarmstelsel in werkende toestand gehou word. Indien die alarmstelsel onderhou word volgens 'n kontrak met die verskaffers of onderhoudskontrakteurs, sal jy as ontslaan vanjou aanspreeklikheid beskou word.*

*b) Ons sal jou ook vergoed indien die sleutel / kode van die alarmstelsel verkry is deur aanranding, geweld of dreigement van geweld aan jou of enige ander sleutel / kodehouer.*

*c) **Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, en 'n alarmstelsel nie in 'n buitegebou geïnstalleer is nie, sal verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal beperk wees tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B.***

*B) Diefwering waarborg (indien in die skedule genoteer)*
*Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal uitgesluit wees, as toegang tot die gebou(e), **insluitend buitegeboue**, deur 'n oopmaakbare venster verkry is wat nie deur diefwering beskerm is nie en is slegs van toepassing indien die gebou(e) ten tyde van die verlies of skade onbewoon was.*

*C) Veiligheidshek waarborg (indien in die skedule genoteer)*
*Indien hierdie waarborg in die skedule genoteer is om ingesluit te wees, sal verlies of skade deur diefstal of poging tot diefstal uitgesluit wees, as toegang tot die gebou(e), **insluitend buitegeboue**, deur 'n buitedeur verkry is wat nie deur 'n geslote veiligheidshek beskerm is nie en terwyl die gebou(e) ten tyde van die verlies of skade onbewoon was.*


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

| Afdeling D06: Watervaartuig | Wysiging |
|---|---|

### D6.5 WATERVAARTUIG UITBREIDINGS

| | |
|---|---|
| Verlies van of skade aan slotte en sleutels | ***Nuwe standaard uitbreiding – dekking bygevoeg***<br><br>*A) Ons sal jou skadeloos stel ten opsigte van die koste vir die vervanging van slotte en sleutels van enige versekerde watervaartuig ná die verdwyning van enige sleutel van sodanige watervaartuig.*<br>*B) Byvoeglik sal ons jou skadeloos stel ten opsigte van die koste aangegaan om die sleutel van enige versekerde watervaartuig te vervang of te herstel, veroorsaak deur die volgende:*<br>*a) toevallige skade aan sodanige sleutel; of*<br>*b) skade aan sodanige slotte veroorsaak deur poging tot diefstal.*<br>*C) Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in* ***Aanhangsel B*** *of sodanige hoër perk genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is.*<br>*D) Dekking is uitgesluit vir sleutels wat oorboord verloor word.* |

## KOMMERSIËLE AFDELINGS

| Afdeling C07: Geld | Wysiging |
|---|---|

### C7.6 GELD KLOUSULES, VOORWAARDES & WAARBORGE

| | |
|---|---|
| C7.6.1 Kontant vervoer waarborg | ***Die bewoording is opgeklaar – die kontant vervoer waarborg moet aan voldoen word om dekking te verseker.***<br>***Die waarborg lees nou soos volg: (alle wysigings in vet druk)***<br><br>*A) Terwyl die geld in transito is na en van die bank, moet die volgende voorsorgmaatreëls geneem word:*<br>*a) geld tot en met R15 000 (vyftien duisend rand) moet deur een senior werknemer of prinsipaal gedra word;*<br>*b) geld bo R15 000 (vyftien duisend rand) moet deur twee senior werknemers of prinsipale in 'n voertuig vervoer word;*<br>*c) geld bo R25 000 (vyf-en-twintig duisend rand) moet deur professionele gewapende reaksie sekuriteitsdienste vervoer word.*<br>***B) Geen dekking sal in plek wees as daar nie aan die nodige waarborg voldoen is nie.*** |


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

# MOTOR AFDELING

| Afdeling MC01: Motor (Kommersieel) | Wysiging |
|---|---|

## MC1.1 MOTOR DEFINISIES

Voertuig

***Ons benadering rondom landbou-implemente is opgeklaar.***

***Die voertuigkategorieë is nou soos volg beskryf: (wysigings in vet druk)***

| *Voertuigkategorie* | *Beskrywing* |
|---|---|
| ***A*** | *Privaattipe motorvoertuie, insluitende sedans, stasiewaens, safari voertuie, minibusse, ligte afleweringsvoertuie of soortgelyke voertuie wat nie 3 500 (drieduisend vyfhonderd) kg in bruto massa oorskry nie, en wat ontwerp is om nie meer as 12 (twaalf) insittendes, insluitend die bestuurder, te vervoer nie* |
| ***B*** | *Kommersiële voertuie, insluitend busse (enige voertuig gebruik vir besigheidsdoeleindes en ontwerp om meer as 12 (twaalf) insittendes,insluitend die bestuurder, te vervoer).* |
| ***C*** | *Spesiale tipe voertuie, insluitend trekkers en stropers en **landbou-implemente**.* |
| ***D*** | *Motorfietse, inlsuitend bromponies, driewielvoertuie en vierwielmotorfietse.* |
| ***E*** | *Sleepwaens en karavane, m.a.w. enige voertuig wat ontwerp is om deur 'n selfaangedrewe voertuig gesleep te word, maar uitgesluit enige onderdele of toebehore wat nie permanent daarop aangebring is nie (**landbou- implemente uitgesluit**).* |

## MC1.5 MOTOR OPSIONELE UITBREIDINGS

MC1.5.7 Afkoop van basiese bybetaling

***Die Opsionele Uitbreiding is nou ook beskikbaar aan bestuurders jonger as 25 jaar en lees soos volg:***

*Indien geselekteer, vervang hierdie opsionele uitbreiding MC1.4.6.*

*A) Die basiese eerste bedrag betaalbaar vir elke eis ten opsigte van voertuie omskryf onder Voertuig Kategorie A (sedan en LAW) word hierby geskrap.*

*B) Hierdie dekking sluit Uitbreiding MC1.4.2. Verlies van of skade aan slotte en sleutels en MC1.4.7. Windskerm / Glas in.*


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou

## AANHANGSEL A: BYBETALINGS

| **Afdeling MC01: Motor (Kommersieel)** | **Wysiging (in vetdruk)** |
|---|---|
| **Kategorie C – Spesiale Tipes** | |
| 1. Basiese eerste bedrag betaalbaar (**trekkers en stropers**):<br>a) versekerde waarde minder as R800 000<br>b) versekerde waarde bo R800 000 | <br>*a) 5% van bruto eis, minimum R2 000*<br>*b) 10% van bruto eis, minimum R2 000* |
| 2. **Basiese eerste bedrag betaalbaar (landbou-implemente)** | ***5% of bruto eis, minimum R1 500*** |

## AANHANGSEL B: PERKE

| **Afdeling D01: Huiseienaars** | **Wysiging** |
|---|---|
| **D1.7 HUISEIENAARS VOORWAARDES** | |
| D1.7.7 Diefstal uit buitegeboue (alarm waarborg nie aan voldoen nie) | ***R5 000** per eis* |

| **Afdeling D02: Huisbewoners** | **Wysiging** |
|---|---|
| **D2.5 HUISBEWONERS UITBREIDINGS** | |
| D2.5.11 Verlies van geld | ***R5 000** per eis* |
| **D2.7 HUISBEWONERS VOORWAARDES** | |
| D2.7.8 Diefstal uit buitegeboue (alarm waarborg nie aan voldoen nie) | ***R5 000** per eis* |

| **Afdeling D06: Watervaartuig** | **Wysiging** |
|---|---|
| **D6.5 WATERVAARTUIG UITBREIDINGS** | |
| D6.5.5 Slotte en sleutels | ***R2 500** per eis* |


Kopiéreg | Safire Insurance Company Limited | Alle regte voorbehou